# 10 Dae Van Gebed



# Dag 1 — Die Dringendheid van Gebed

"Hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" - Lukas 11:13

Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

# Waarom die Dringendheid van Gebed?

- **Ons wil die wêreld bereik met die goeie nuus van die evangelie en Jesus se spoedige wederkoms.**
- **Daar is 548 stede met 'n bevolking van eenmiljoen of meer. Ons wil die evangelie van verlossing met hulle deel.**
- **Ons het die krag van die Heilige Gees nodig om die miljoene kinders en volwassenes in die groot stede te bereik.**
- **Miljoene sterf sonder om Jesus te ken wat hulle liefhet en weer die tweede keer sal kom.**
- **Jesus beloof om ons die Heilige Gees te gee ongeag van ouderdom of ras.**

# Gebedsvoorstelle.

**Om God se Woord te Bid" – gebruik Lukas 11:13 as 'n begin tot u gebed.**

**"Hoeveel te Meer " – Dank Jesus dat Hy ons liewer het as selfs die mees liefdevolle ouer ooit kan doen. Vra Hom om ons te herstel, te genees en te verander.**

**"Die Heilige Gees " – Dankie Jesus vir die belofte van die Heilige Gees. Vra Jesus vir die Heilige Gees om in ons lewens te leef sodat ons Hom kan verheerlik.**

**"Wie Vra Hom " – Ons maak aanspraak op die belofte van Lukas 11:13 vandag. Vra die Heilige Gees om alles uit ons lewens te verwyder wat in die pad staan om aan Jesus oor te gee. Doop ons en ons kerk met die Heilige Gees sodat ons die evangelie aan miljoene in die groot stede kan bring.**

# Voorstelle vir Liedere

- Sweet, Sweet Spirit (CH #262)
- Fill My Cup, Lord (CH #493)
- Gewyde Ure van Gebed (AL #267)

# Gebedsaktiwiteit: Gebedsklippe



**Voorraad**:

**a) Voorsien ‘n versameling klippe met genoeg vir elke kind in u groep en klein genoeg om in ‘n sak rond te dra.**

**b) Permanente merkers vir elkeen**

**c) ‘n Groot mandjie**

**Laat elke kind ‘n klip neem, en met die merkpen hulle name daarop skryf en die naam van een stad waarvoor hulle wil bid. Sit al die klippe dan saam in ‘n mandjie en elke kind kan vorentoe gaan en iemand anders se klip optel. Hulle dra die klip saam met hulle en wanneer hulle dit ookal uithaal, bid hulle vir die naam van die stad daarop sodat die baie mense in die stad van Jesus sal hoor. Wanneer julle weer ontmoet, ruil die klippe om met iemand anders.**

# 10 Dae Van Gebed

## Dag 2 — Die Ewige Evangelie en Gebed




"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke "- Openbaring 14:6

Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

# Wat is hierdie Ewige Evangelie?

- **Dit is die goeie nuus van Jesus se offer vir ons, Sy liefdevolle bediening, Sy opstanding, Sy intreding vir ons as Hoeëpriester in die hemel, en Sy heerlike wederkoms.**
- **Jesus beloof dat die "evangelie in die hele wêreld verkondig sal word " voor Sy wederkoms (Matthéüs 24:14).**
- **Dit is die Eerste Engel se Boodskap wat sonder versuim verkondig moet word.**
- **Ellen White sê vir ons dat daar 'n herlewing van goddelikheid sal wees voordat die boodskap van Openbaring 14 aan die hele wêreld verkondig is (*Die Groot Stryd*, bl. 440).**

# Gebedsvoorstelle

**Om God se Woord te Bid – Gebruik Openbaring 14:6 as 'n begin vir u gebedsessie. U kan ook u geliefkoosde Skriftuurtekse aanhaal as deel van u gebed.**

**"Die Ewige Evangelie " – Vra God om u 'n groeiende waardering te gee vir die evangelieboodskap; vir die vreugde van verlossing; en vir Hom om u lewe te verander sodat wanneer andere u sien, hulle die krag van die evangelie aan die werk sal sien en na Jesus aangetrek sal word.**

**"Om te Verkondig aan Diegene Wat op die Aarde Woon "- Vra Jesus om u moed te gee om hierdie goeie nuus met andere te deel in woorde en dade.**

**Vra Hom om u te gebruik om aan u gesin, vriende, bure, en elkeen wat u ken, te getuig.**

**"Aan Elke Nasie " – Biljoene ken nog nie vir Jesus nie, so laat ons bid dat Jesus ons hierdie week 'n geleentheid sal gee om die goeie nuus van verlossing met iemand anders te deel. Vra Hom om u wysheid te gee om te getuig aan mense van ander nasies, kulturele agtergronde, en etnisiteite.**

# Voorstelle vir Liedere

- Burdens are Lifted at Calvary (CH #476)
- Meer Van My Jesus (AL #109)
- Ek Bring so Graag die Tyding (AL  #95)
- I Love You, Lord

# Gebedsaktiwiteit: **Natuur Gebedsuitstappie**



**Laat kinders buite toe gaan vir 'n kort uitstappie. Let op na die blomme, bome, plante, of voëls wat sing. Bid 'n dankgebed tot die Skepper God wat ons die wêreld van die natuur met al sy prag gegee het.**
**Vra kinders om 'n dagboek te hou en die dinge neer te skryf wat wys dat God ons aanbidding waardig is.**

# 10 Dae Van Gebed



## DAG 3 - GOD SE MISSIE EN GEBED, DEEL 1

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.

- Handelinge 1:8

# WAT IS GOD SE MISSIE?

- **God wil hê dat ons die drie engele se boodskappe na die hele wêreld moet neem, wat lyk asof dit 'n onmoontlike taak is.**
- **Jesus beloof dat Hy vir ons die Heilige Gees sal stuur om ons krag te gee om hierdie missie uit te voer.**
- **Vir ons om die krag van die Heilige Gees te ontvang, moet ons saam met mekaar bid. Handelinge 1:14 sê, "Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking."**
- **Wanneer die Heilige Gees ons vul, sal ons die Woord van God met vrymoedigheid en vertroue spreek.**
- **Die dissipels het die Heilige Gees nodig gehad om hulle wêreld met die evangelie te bereik. Vandag het ons die Heilige Gees baie nodig, omdat die wêreld groter is, meer ingewikkeld en meer sonder God.**

# Gebedsvoorstelle

Bid God se Woord – Gebruik Handelinge 1:8 as 'n begin vir u gebedsessie..

**"Julle Sal Krag Ontvang " – ons weet ons is onbevoeg en magteloos wanneer dit kom om God se missie te vervul. Vra God om u daagliks met die Heilige Gees te vul.**


**"Julle Sal My Getuies Wees " – Dank Jesus dat Hy elkeen van ons roep om Sy getuies te wees. Vra Hom om u moed te gee om met andere te deel wat Hy vir u gedoen het. Bid vir meer geleenthede om vir Jesus te getuig en andere te vertel van hoe luisterryk Hy is.**

**"Tot die Uiterste van die Aarde " – Ons sendingveld begin by die huis en brei dan uit na ons bure, ons gemeenskap, ons stad, en na die hele wêreld. Vra Jesus om u te wys hoe u die evangeliewerk dwarsdeur die wêreld kan ondersteun.**

# Voorstelle vir Liedere

- **Hy Lei My Voort (AL #292)**
- **Lord, I Lift Your Name on High**
- **Give of Your Best to the Master (CH #572)**
- **I Love You, Lord**
- **Behold What Manner of Love (*He Is Our Song*, #42)**

# Gebedsaktiwiteit: **Gebedskaart**



**Vra kinders om 'n rowwe kaart van hulle onmiddelike gemeenskap, stad, of dorp te teken wat spesifieke plekke aantoon. Gebruik enige kleurpotlood, of merker, maak drie X'e op die plekke waarvoor hulle wil bid. Dit kan by 'n skool, die poskantoor, kruidenierswinkel, 'n mark, 'n busstop, 'n biblioteek, en êrens ander wees.**
**Moedig kinders aan om vir spesifieke mense of dienste te bid.**

# DAG 4- GOD SE MISSIE EN GEBED, DEEL 2



## 10 DAE VAN GEBED

*"Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus altyd as ons vir julle bid, omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en julle liefde tot al die heiliges, vanweë die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele, waarvan julle vroeër gehoor het deur die woord van die waarheid van die evangelie, wat julle sowel as die hele wêreld bereik het; en dit dra vrug, net soos onder julle ook, van die dag af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken het. "*

***- Kolossense 1:3-6.***

# Hoe was God se Missie na Pinkster?

- **Daar was vinnige groei. Handelinge 4:4 sê dat 3,000 manne in een dag gedoop was.**
- **Jesus beloof dat Hy vir ons die Heilige Gees sal stuur om ons krag te gee om hierdie missie te vervul.**
- **Die boek van Handelinge vertel van Filippus wat in Samaria gepreek het, Paulus se sendingreise dwarsdeur die Mediterreinse streek, Petrus wat die Skrifte saam met Cornelius studeer.**
- **Die Nuwe Testament kerk het vinnig gegroei omdat alles wat hulle gedoen het deur gebed was, hulle lewens toegewy en afhanklik van God. Dit is Jesus se krag wat Sy werk deur ons doen. Dit is nie ons wysheid, intelligensie, ons mooi voorkoms, of ons kennis wat siele wen nie.**
- **Ellen White herinner ons dat: "Ons moet gedurig na Jesus opsien en besef dat dit Sy krag is wat die werk verrig ... Net die werk wat met veel gebed verrig word en wat deur die verdienste van Christus geheilig is, sal op die ou end doeltreffend blyk te wees " (*Die Koning van die Eeue, bl*. 305)**

# Voorstelle vir Gebed

**"Bid God se Woord " – gebruik Kolossense 1:3-4 as ‘n begin vir u gebedsessie.**

**"Bid Altyd " – ons weet dat ons nie genoeg tyd in gebed deurgebring het nie.**

**"Julle Geloof in Christus Jesus " – Vra Jesus om ons te help om gebed ‘n hoër prioriteit in al ons getuieniswerk te maak, in ons persoonlike lewens en gesinne.**

**"Julle Liefde vir Alle Heiliges " – God van Liefde, U het ons geskep met ‘n ewige kapasiteit om in U liefde te groei. Dankie dat U u liefde in ons harte uitstort sodat ons weer op ons beurt in staat sal wees om diegene om ons lief te hê.**

# Voorstelle vir Liefde

- **Love at Home (CH #652)**
- **U Roep Miskien Oor die Berge Hoog (AL# 352)**
- **Give of Your Best to the Master (CH #572)**
- **So Send I You (CH #578)**
- **We Are His (*He is Our Song* #140)**

# Gebedsaktiwiteit: Vyf-Vinger Gebed



- **Duim: Bid vir ‘n vriend wat nog nie vir Jesus ken nie.**
- **2de Vinger: Bid vir skoolonderwysers en Sabbatskool Onderwysers.**
- **Middel: Bid dat Jesus u sal vul met liefde vir andere van ander nasionaliteite en rasse.**
- **4de Vinger: Bid vir ‘n siek persoon.**
- **Kleinste: Bid vir u regering.**

# 10 Dae Van Gebed

## Dag 5– Die Gehoorsame Lewenstyl en Gebed



"EN DIT IS DIE VRYMOEDIGHEID WAT ONS TEENOOR HOM HET, DAT HY ONS VERHOOR AS ONS IETS VRA VOLGENS SY WIL. EN AS ONS WEET DAT HY ONS VERHOOR, DAN WEET ONS DAT, WAT ONS OOK AL VRA, ONS DIE BEDES VERKRY WAT ONS VAN HOM GEVRA HET"

- 1 JOHANNES 5:14, 15

## Wat is God se Vereiste om Suksesvol te Leef?

- Die Drie Engele se Boodskappe roep ons tot ‘n lewe van gehoorsaamheid.
- Ons moet "God vrees en Hom heerlikheid gee," wat volgens die Griekse taal, is om Hom te respekteer, te eerbiedig, of te eer.
- Ons is magteloos, swak, broos, en nie in staat om te doen wat reg en goed is nie. God is egter almagtig! Hy kan ons help om Satan se aanvalle te weerstaan.

# Gebedsvoorstelle

Om God se Woord te bid – gebruik Prediker 12:13, 14 as 'n begin vir u gebedsessie.

**"Vrees God " – Ons erken God as die Skepper God, Almagtig, kragtig, alwetend. Loof Hom daagliks en eer Hom met ons lewens.**

**"Onderhou Sy Gebooie " – Vra Jesus om ons te help om Sy gebooie te onderhou, Sy wil te doen en getrou te wees. Dank Jesus vir Sy krag om oorwinning in ons lewens te bring, en dat Hy Sy lewe in ons uitleef.**

**"Elke Geheime Ding Of Dit Goed Is of Kwaad " – Ons kan niks vir God wegsteek nie. Hy ken ons harte, ons gedagtes, en ons in- en uitgange. Dankie vir u liefde en genade vir ons selfs wanneer ons U faal.**

# Voorstelle vir Liedere

- Ek Gee Alles Oor (AL#190)
- My God Is So Groot
- Give Thanks
- God Is So Good
- Micah 6:8 (*He Is Our Song* #133)

## Gebedsaktiwiteit: **Name van Jesus Gebed**



**Gebruik ‘n groot vel papier of skryf op die bord al die letters van die alfabet. Vind ten minste een naam van Jesus per letter van die alfabet wat dwarsdeur die Skrifte gebruik word. Voorsien ‘n paar Bybeltekse indien sommige nie aan eniges kan dink nie.**

**Laat die kinders in ‘n sirkel sit en een sin elk bid deur die name van Jesus op die lys te gebruik. As ‘n voorbeeld kan u begin deur te sê: "Jesus is die Lig van die Wêreld. Ek bid dat ons nooit bang sal wees wanneer dinge rondom ons donker is nie."**

# 10 Dae Van Gebed

# DAG 6 — VERTROUE IN DIE OORDEEL EN GEBED

" Geseënd  is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil."  -  Efesiërs 1 : 3 - 5



# Hoe is God se Oordeel?

- Vrae oor God se karakter is voor die heelal geopper: Is God regverdig? Is Sy gebooie onmoontlik om te onderhou? Is Hy beide liefdevol en regverdig?
- In die oordeel openbaar God dat Hy alles moontlik gedoen het om ons almal te red. Dit is Sy genade wat ons red van die straf en mag van die sonde. Dit is Sy genade wat ons verlede vryspreek en ons hede bemagtig.
- 'Ons hoef nie die oordeel te vrees nie, want Jesus is ons Advokaat, ons Verhoor Prokureur, en ons Regter'  (Johannes 5:22).
- In Jesus Christus is ons seuns en dogters van die Koning van die Heelal.
- Ons moet Jesus daagliks vra om te openbaar wat ons verkeerd gedoen het in ons lewens, en ons te reinig van al ons sondes. Sy krag help ons om sonde te oorwin.

# Gebedsvoorstelle

Bid God se Woord – gebruik Openbaring 14:7 as ‘n begin vir u gebedsessie. “Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom.”

"Vrees God" – Ons bewonder en aanbid God want ons erken dat God waardig is om alle eer en heerlikheid te ontvang want Hy is die Majesteit, die Skepper, die Ewige Een.

"Gee Hom heerlikheid " – Vra Jesus om ons te help om Sy karakter in ons te openbaar. Bid vir die invulling van die Heilige Gees sodat ons Sy heerlikheid in ons lewens kan toon en om ons te bemagtig om in harmonie met Sy wil te leef.

"Die Uur van Sy Oordeel Het Gekom " – Ons dank Jesus vir die oordeel sodat Hy regverdigheid aan hierdie wêreld sal herstel. Dan Hom dat Hy ons Advokaat en ons Hoëpriester is wat voor God vir ons sal staan om ons te vergewe wanneer ons ons sondes bely. Help ons om andere na U te lei sodat hulle ewige lewe in U kan vind.

# Voorstelle vir Liedere

- Verlos (AL #195)
- Ons Reis is na Sion (AL #435)
- Standing on the Promises (CH #518)
- It Is Well With My Soul (CH #530)
- Side by Side (*He is Our Song* #123)

# Gebedsaktiwiteit: Vrugte van die Gees Gebed



**Gee die kinders elkeen 'n ballon en merker en laat hulle een vrug van die gees op die ballon skryf. Blaas dit op en bind dit stewig vas.**

**Elke kind kan bid vir elk van daardie vrugte van die gees om in sy of haar lewe in te kom; of hulle kan vir 'n ander persoon bid om daardie vrugte te ervaar. Indien daar nog tyd is, laat die kinders hulle ballonne omruil en hulle kan bid vir daardie ander vrug wat hulle nou net ontvang het.**



# 10 Dae Van Gebed

## DAG 7 – DIE DRIE ENGELE SE BOODSKAPPE, DIE SABBAT, EN GEBED

**"Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wta beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie. En die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die Here iief te hê deur sy knegte te wees – elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke" - Jesaja 56:5-7**

# Wat is God se Oproep aan Ons?

- Die drie engele se boodskappe roep ons om ons Skepper te aanbid. Ons het nie ontwikkel nie. Ons het nie per ongeluk gekom nie. God het ons geskape en lewe is ‘n kosbare geskenk wat van Jesus af kom.
- In ‘n wêreld van lyding en siekte, beloof die God van die Skepping om ons “nooit te begewe of te verlaat nie” (Hebreërs 13:5)
- God roep ons om die Sabbat te onthou en dit heilig te hou. Terwyl ons op Sabbat rus, rus ons in Christus se voltooide werk namens ons (Hebreërs 4:9,10).
- Die Sabbat herinner ons ook om ons in Sy liefde te verbly, in Sy versorging te rus, en ons te verheerlik in die Christus wat so ‘n hoë prys vir ons verlossing betaal het.
- Die Sabbat is ‘n oproep tot gebed, ‘n oproep tot lofprysing, ‘n oproep om Sy goedheid te verkondig.
- Die Sabbat wys ons terug na die Skepping, maar dit wys ons ook vooruit na die nuwe hemel en die nuwe aarde waar ons vir ewig saam met God kan leef.
- Die Sabbat is ‘n dag van danksegging. Ons is dankbaar dat God ons geskape het en planne vir ons lewens het.

## Gebedsvoorstelle

**"Bid God se Woord " – gebruik Jesaja 56:6-7 as ‘n begin vir u gebed.**

**"Selfs aan Hulle " – Ons bewonder en aanbid God want Hy het almal van ons geskape en begeer ewige samesyn met ons. God verlang om almal te red, en die weeklikse Sabbat herinner ons aan hierdie werklikheid.**

**"Elkeen wat Nie die Sabbat Ontheilig nie " – Vra Jesus om ons te vergewe want ons verbreek dikwels die Sabbat deur dit nie heilig te hou nie. Vra Hom om ons te help om die Sabbature te bewaak en Hom gedurende die Sabbat te verhoog. Mag ons God se getrouheid dwarsdeur die week op die Sabbat vier en daarvan getuig.**

**"En My Gebooie Vashou " – Ons dank Jesus vir die Sabbat wat nie slegs ‘n teken en geleentheid is om Hom as ons Skepper te onthou nie, maar wat ook ‘n teken van verlossing is. Ons kan in Jesus rus want Hy hou by Sy gebodsbeloftes.**

# Voorgestelde Liedere

- Dit is Die Werk van God (AL #66)
- Laat Ons Wat God Bemin (AL #435)
- Die Dag van Rus en Blydskap (AL #389)
- Kom, Gedenk die Sabbat (AK #380)
- Whisper a Prayer ( *He is Our Song* #101)
- He's Able (*He is Our Song* #100)

# Gebedsaktiwiteit : Gebedsboom



## Voorraad:

*Pluk ‘n droë boomtak af met ‘n paar takkies. Plant dit stewig in ‘n pot en plaas dit voor in die klaskamer. Merk dit die Gebedsboom.
Kleur patrone van hande in met gattjies daarin gepons aan die een kant.
*Balpenne of potlode

Vra elke kind om op die handpatroon twee dinge te skryf oor die Sabbat waarvoor hulle Jesus wil dank. Laat die kinders ‘n lyn deur die gate op hulle handpatrone bind en dit dan aan die Gebedsboom ophang.

Laat die kinders rondom die Gebedsboom staan en laat ‘n paar vrywilligers bid om vir Jesus dankie te sê omdat Hy vir ons die Sabbat gegee het.

En ná hierdie dinge het ek ‘n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval, het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste en ‘n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls!" — Openbaring 18:1,2

# Day8—Die Val van Babilon en Gebed

**10 Dae van Gebed**

Die Drie Engele se Oproep tot Gebed



www.tendaysofprayer.org

# Wat is die Tweede Engel se Boodskap?

- Net soos antieke Babilon teen God oorlog gevoer het in rebellie teen Sy gebooie,  het ander godsdienstige stelsel ook geen God gerebelleer.
- Babilon verteenwoordig ‘n godsdienstige stelsel wat valse leerstellings leer oor God en die Skrifte.
- Die tweede engel se boodskap stuur ‘n dringende oproep vir gebed:

1. Dit roep ons om getrou aan Jesus en Sy Woord te wees. Moenie kompromieë aangaan nie.
2. Dit roep ons om geloof te hê wat toetse en beproewings sal weerstaan,  wat ons sondige gedagtes, aptyte, en passies sal verander.
3. Dit roep ons om teenoor ons vriende te getuig en hulle uit te nooi na ‘n diep vriendskap met Jesus.

# Gebedsvoorstelle

**"Bid God se Woord " – gebruik Openbaring 14:8 as 'n beginpunt vir u gebed.**
**"Babilon het  Geval " – Ons vra God om ons te help om ons lewens deur Sy genade, en deur Sy  Gees, op Sy Woord alleen te bou.**
**"Sy het Al die Nasies Laat Drink " – Bid vir biljoene mense wat in valse godsdienste glo. Vra Jesus om u te help om vir hulle die waarheid te wys oor wie Hy is en hoe lief Hy hulle het.**
**"Die Wyn van die Grimmigheid van Haar Hoerery " – Ons aandag is afgetrek deur die vele illusies en versoekings van Satan. Somtyds fokus ons op self en selfsugtige ervarings. Vra Jesus om ons te vergewe, en om ons sterk te maak sodat ons nie ingee vir ons sondige natuur nie. Help ons om oorwinnend te wees deur Sy krag.**

# Voorstelle vir Liedere

- Die Uur van Sy Koms (AK #400)
- Turn Your Eyes Upon Jesus (CH #290)
- Hef die Strydkreet Aan (AL #469)
- Seek Ye First (*He is Our Song* #83)
- I Shall Not Be Moved (*He is Our Song* #78)

# Gebedsaktiwiteit: **Gebedsdagboek**



**Deel 'n mooi voorbereide of kommersiële bladsy uit vir 'n gebedsjoernaal vir die kinders om op te skryf. Vra die kinders om 'n paar sinne te skryf oor hoe hulle :**

**a. Getrou aan Jesus kan Wees**
**b. Getrou aan God se Woord kan Wees**
**c. Sterk kan wees om Nee te sê vir Satan se versoekings**

**Laat die kinders dan in 'n sirkel staan en vra vir vrywilligers om te bid vir die krag van die Heilige Gees om hulle te help om getrou te wees in elkeen van die kategorieë wat hulle neergeskryf het.**

# 10 Dae Van Gebed

## Dag 9 – Die Merk van die Dier en Gebed



"En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God! Want sy oordele is waaragtig en regverdig, want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoereery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid. En die vier-en-twintig ouderlinge en vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!" En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! — Openbaring 19:1–5

**Die Drie Engele Se Oproep Tot Gebed**
**www.tendaysofprayer.org**

# Wat is die Derde Engel se Boodskap?

- **Openbaring 14:9, 10 skryf: "En ‘n derde engel het hulle gevolg en gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam."**
- **Hierdie is ‘n boodskap van plegtige waarskuwing.**
- **Hierdie is ‘n waarskuwing wat kom van ‘n liefdevolle God wat nie wil hê dat ons onkant gevang moet word deur die misleiding van Satan wat gaan kom nie.**
- **Hierdie boodskap waarsku ons om nie die dier te aanbid nie, want dit sal ons lei om ‘n selfgesentreerde lewe te leef en om ongehoorsaam te wees aan God se gebooie.**
- **In die eindtyd, sal die kerk en staat onder die gesag van die pousdom verenig om aanbidding op die eerste dag van die week af te dwing.**
- **Ons moet ons lojaliteit aan Jesus toewy, en deur Sy krag sal ons nie toegee aan die beginsel van die dier wat trots, selfverhoging, en vertroue in menslike wysheid is eerder as in God se  Woord nie.**

# Gebedsvoorstelle

**"Om God se Woord te Bid"** - gebruik Openbaring 14:9,10 as 'n begin vir gebed.

**"As iemand Die Dier en Sy Beeld aanbid "** – Dank God dat Hy diegene waarskuwat na valse godsdienste kyk, moderne dae se afgode as hulle bron van krag en vervulling. Vra God om ons te help om andere na Jesus te lei, die enigste Verlosser wat waardig is vir aanbidding.

**"Die Grimmigheid van God "** – Dank God dat Hy sonde vir ewig sal vernietig. Dank Hom dat Hy elke menslike wese 'n keuse en geleentheid gee om Jesus se verlossing te aanvaar. Vra God om ons te beskerm om nie die antichris se beginsel van selfverhoging en trots te volg nie. In plaas daarvan, lei ons na die Lam waar Hy ookal gaan.

**"In die Teenwoordigheid van die Lam"** – Dit is vertroostend om te weet dat in die finale oordeel sal dit gewys word dat U genade en verlossing nie van regverdigheid geskei is nie – dat U regverdig was, en genadig in al U handelinge. Help ons om U te kies en aan U oor te gee.

# Voorstelle vir Liedere

- **Aanbid die Heer op Gindse Troon (AL #127)**
- **I Sing the Mighty Power of God (CH #88)**
- **O Broeder, Wees Waaksaam (AL #404)**
- **Majesty (*He is Our Song* #67)**

# Gebedsaktiwiteit: "DOEN " GEBED



**Hierdie aktiwiteit kan by die huis of by ‘n biduur gebruik word of by Sabbatskool. Moedig die kinders aan om hierdie op hulle eie te probeer. Indien u saam met die kinders in ‘n biduur is, kan die kinders vrywillig aanbied om ‘n sin of twee te sê vir elkeen van die letters wat genoem word, soos:**

**Verering:** **Vertel eerstens vir God hoe baie u Hom liefhet en vereer.**
**Belydenis:** **Sê vir God wat jy verkeerd gedoen het en dat jy jammer is. Vra Hom om jou te vergewe (Hierdie deel kan stil deur elke persoon gedoen word).**
**Danksegging:** **Dank God vir al die goeie dinge in jou lewe en die baie seëninge.**

**Smeekbede:** **Bid vir andere wat God se hulp nodig het.**

# 10 Dae Van Gebed

## Dag 10 – God se Volk, die Oorblyfsel, en Gebed

"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."

– OPENBARING14:12.
Die Drie Engele se Oproep tot Gebed



# Wie Is God se Volk In Die Eindtyd?

- **Die drie engele se boodskappe word gegee om ‘n volk vir die koms van Jesus voor te berei.**
- **God se volk het geduld – dit beteken uithouvermoë. Sy volk sal die beproewings van die laaste dae verdra en as oorwinnaars uitkom. Hulle sal die woede van die dier in die gesig staar en sal getrou wees aan Jesus. Alhoewel hulle nie in staat sal wees om te koop en te verkoop nie en vervolging, gevangenisskap en dood om Christus se ontwil sal verduur, sal hulle gehoorsaam wees aan Sy gebooie.**
- **God se volk het nie slegs geloof in Jesus nie, maar hulle het die geloof van Jesus.**
- **Geloof is ‘n gawe wat God in ons harte plaas wat groei soos wat ons dit beoefen. Wanneer ons aan God se beloftes vashou in moeilike tye, groei ons geloof.**
- **Wanneer ons ons gedagtes vul met die Woord van God, groei ons geloof (Romeine 10:17).**
- **Wanneer ons ons gebrek aan geloof erken en erwntig tot God bid om ons geloof meer te maak, groei dit. (Lukas 17:15)**

## Gebedsvoorstelle

**"Om God se Woord te Bid "** – gebruik Openbaring 14:12 as 'n begin vir u gebed.

**"Hier Kom die Lydsaamheid van die Heilige te pas"** – Vra Jesus om ons te help om geduldig uit te hou in tye van moeilikhede. Maak aanspraak op Sy beloftes dat Hy krag en sterkte vir ons sal voorsien om dit te kan verduur.

**"THulle wat Sy gebooi bewaar "** – Vra Jesus om ons te help om Sy gebooie te gehoorsaam soos wat ons liefde vir Hom en andere het.

**"Geloof van Jesus "** – Bid dat Jesus ons sal help om dieselfde kwaliteit van geloof te ontwikkel soos wat Hy in God ons Vader het; en dat Hy sal help dat ons geloof elke dag sal groei.

# Voorstelle vir Liedere

- **Genade Onbeskryflik Groot (AL #189)**
- **When We All Get to Heaven (CH #633)**
- **Bring Eer aan die Here (AL #144)**
- **In a Little While We're Going Home (CH #626)**
- **I Have Decided to Follow Jesus (*He is Our Song* #146)**

Gebedsaktiwiteit: **Bid Sonder Ophou Plakkers**



**Kry ‘n klompie plakkers en merkers. Moedig kinders aan om dit met die woord “Bid” daarop te versier. Hulle kan iets daarop teken en dit dan oral in die kamer vasplak. Wanneer hulle ‘n plakker kry, moet hulle stil staan en bid – selfs net ‘n sinnetjie sal goed wees. Plak dit dan op ‘n ander plek vas. Hulle kan dit vir ‘n dag of twee doen.**